GameX

Game Farming & Wildlife EXPO

# SAJSV NOORDWES Hybrid OPE 2019

SAJSV Noordwes Hybrid Ope was gehou op 9 Maart 2019 op die plaas Witgatboom van mnr Sarel Pogieter naby Bloemhof. Jaco Kruger van GameX het weer as hoof borg opgetree met pryse ter waarde van R80 000.

Dit was ‘n heerlike warm dag en later het winde van tot 15 myl per uur vir heelwat konsternasie gesorg.
Daar was 95 skuts wat ingeskryf het vir die ope klas en 11 skuts vir die 223 klas wat op dieselfde baan meegeding het.
Die bane was as volg:
Baan1: Gonge, sit by boomstomp, 120 sekondes. 160m, 230m, 290m, 220m en160m.
Baan2: Jakkals, vryhand sit, 90 sekondes, 143m.
Baan3: Blesbok, staan vryhand, 60 sekondes, 76m.
Baan4: Gonge, drie skote kniel en twee staan by driepoot, 120sekondes, 290m, 238m, 358m, 210m en 230m.
Baan5: Rooibok, vryhand lê, 90 sekondes, 244m.
Baan6: Vlakvark, kniel enkelstok, 90sekondes, 140m.

En soos verlede jaar sluit ons die prys uitdeling af met welkome reën.
Aan GameX, dankie vir jul borge, Visagie vleis vir die eet en drinke, Noordwes se baan offisiere en groot dank van waardering aan ons telling houer Wimpie Blaauw.
Aan elke skut wat Noordwes ń groot sukses gemaak het, BAIE DANKIE.
Uitslae klas wenners:
Goud: Eddie Robertson
Silwer: Daan Griesel
Brons: Pieter Fourie
Juniors: Righardt v Zyl
Dames: Amanda Lerm
Seniors: Stephan van Wyk
Veterane: Gawie Hatting
Besoekers: JP Taute
222/223: Stephan v Wyk.
Geluk aan al die klas wenners en almal vir ‘n lekker skiet en kuier, ons sien volgende jaar weer!
Groete, Noordwes bestuur.


Game








GameX
Game Farming & Wildlife EXPO
NikkoStirling


GameX
Game Farming & Wildlife EXPO


NikkoStirling



